

23 April

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-24

Fokusgedeelte: Romeine 7:7

HK, Vraag 113

Geen begeerte

Lees ons Vraag 113 en sy antwoord besef ons dat dit maar baie moeilik is om dit na te kom. Ons mag nie die geringste begeerte hê om enige gebod te oortree nie. Die gedagte mag nie eers by ons opkom nie. God eis dus volmaakte gehoorsaamheid. God se reg is volmaak en daarom eis Hy alles in die oortreffende trap. Hy maak geen uitsondering dat ons net gedeeltes van sy wet mag nakom nie.

Sou ons moes bepaal watter wette ons nakom en watter nie, sou elkeen van ons na gelang van ons omstandighede honderde verskonings en verontskuldigings uitdink wat óns pas om ons optrede te regverdig. Nee, ons verhouding met God is nie een van onderhandeling nie, maar van afhanklike aanbidding en gehoorsaamheid. Hy eis alles. Die hele wet, te alle tye, moet deur ons gehoorsaam word. Hy is die volmaakte maatstaf. Sy Woord lê die toetssteen neer. Alles en almal val en buig voor die Woord. Hy verlaag nie sy standarde volgens dié van mense nie. Hy verander nie sy besluite volgens dit wat oral by ons tekortsiet nie. Ons moet na Hom toe buig. So mag ons nie ons gedagtes en optredes met mekaar vergelyk asof ons enige verdienste vir ons persoonlik wil toeëien nie. Ons toets ons slegs aan God se Woord.

God gaan ons eendag slegs vra of ons Hom met ons hele hart, hele siel, hele verstand en met al ons kragte liefgehad en gedien het. Sy Goddelike majesteit vra volkome aanbidding, soos wat in 1 Petrus 1:15-16 geskryf staan: "Wees heilig, want Ek is heilig." In Matteus 5:48 lui die opdrag soos volg: "Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is."

Ds. LJ Buys (Rustenburg- Wes)

~~~~~